

## Huisgeloof2016#40 <> Romeine 13:11-14

11 En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. 12 Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. 13 Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. 14 Nee, julle moet lewe soos volgelingen van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.

:11,12 the Message >> But make sure that you don't get so absorbed and exhausted in taking care of all your day-by-day obligations that you lose track of time and doze off, oblivious to God. The night is about over, dawn is about to break. Be up and awake to what God is doing!

Dit is God se teenwoordigheid wat Paulus inspireer om hier te skryf dat ons moet wakker word. Wakker word en om wat te doen? Lief te hê soos Jesus.

Marc Chagall, die skilder, het gesê: "In our life there is a single color, as on an artist's palette, which provides the meaning of life. It is the color of love."

*13-14 God is putting the finishing touches on the salvation work he began when we first believed. We can't afford to waste a minute, must not squander these precious daylight hours in frivolity and indulgence, in sleeping around and dissipation, in bickering and grabbing everything in sight. Get out of bed and get dressed! Don't loiter and linger, waiting until the very last minute. Dress yourselves in Christ, and be up and about!*

Augustinus het 'n wilde lewe gelei. Op 'n dag, terwyl Augustinus en Alypius, 'n vriend, in 'n tuin gesit en gesels het, hoor hy hoe 'n kind 'n liedjie sing wat sy ma altyd vir hom gesing het: "Neem en lees". Die oomblik was vir hom te groot. Hy het begin huil.

Toe hy ophou huil, sien hy dat sy vriend geloop het, maar dat hy sy Bybel op die tuinbankie gelos het. Augustinus neem toe sy vriend se Bybel, wat oopgelê het by Romeine 13:13-14 en begin dit lees.

Met trane in sy oë lees hy van die wysheid van God (dit is die Bybel) wat hom oortuig het van sy sonde (vers 13) én wat hom oortuig het om sy lewe te verander (vers 14).

Net daar het Augustinus op sy knieë neergeval en die Here aangeneem. Hy het een van die grootse kerkvaders geword.

### **# Trek Jesus aan (Romeine 13: 13-14)**

'Lewe soos volgelingen van die Here Jesus' se direkte vertaling is 'Beklee julle egter met die Here Jesus Christus'. Eenvoudig gestel: Trek Jesus aan.

Maar hierdie nuwe Christus-klere moenie net uiterlik bly sit nie, dit moet as te ware in ons as Jesusvolgelingen intrek, ons deurtrek sodat ons hele lewe met Christus gevul sal word.

**Rom 13:13** Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie.

## TEMA van die week

Ons lewe welvoeglik

So: **Rom 13:11-14**

Ma- Di: Jesaja 2:1-15

Wo- Do: Psalm 122

Vr.–Sat: Matteus 24:36-44

## BYBEL tyd

## BID tyd

Dankgebed (Gebed voor ete)

Dankie, dat die gereed staan van die kos elke keer ons herinner aan die gereedmaak van ons plek in die hemel.

Oorgee-gebed

Help my om nie voortdurend daarop uit te wees om my sondige begeertes te bevredig nie. .

Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)

Mag jy vandag welvoeglik lewe.

## GESELS tyd

Ons gesels saam oor  
ons lewe en geloof

**Lees: Rom 13:11-14**

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vrae:**

- Hoekom wil ons net altyd ons sondige begeertes bevredig?
- Hoe kan ons mekaar help om reg te lewe?
- Hoe help Adventstyd ons om reg te lewe?
- Noem een versoeking waarmee jy gewoonlik sukkel.
- Watter versoeking is daar wat vir julle as gesin/ familie swaar is.

## SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit-  
tyd saam

Blaai saam deur 'n tydskrif en kyk na al die foto's. Sommige van die foto's sal julle herinner aan versoekings wat maak dat ons nie onberispelik lewe nie. Wys daardie foto's uit en verduidelik wat die moontlike versoeking daaragter is.

## DOEN tyd

Ons oefen ons geloof  
op 'n praktiese manier

Maak of koop vir iemand wat alleen is 'n adventskalender.

Gaan gee dit en kuier sommer 'n bietjie by die persoon.

## LEEF tyd

Ons leef ons geloof  
heel week uit

Skryf die 10 gebooie hierdie week op 'n plakkaat en probeer daarvolgens lewe. Skryf 2 gebooie elke dag van die skoolweek.